

16 November

1 Petrus 1:1-12

(Teks: 3 + Handelinge 16:16-40)

Loof God te midde van beproewings

Die gelowige kan soms wonder: Watter voordeel hou die geloof vir my in? Kan ek sê: Omdat ek glo, behoort ek nooit aardse bekommernisse te hê nie? Omdat ek glo, is alles net maanskyn en rose? Ons weet almal uit die praktyk van die lewe dat dit glad nie die geval is nie. Geloof is geen waarborg teen aardse pyn en lyding en moeite en verdriet nie. Inteendeel - geloof gaan dikwels gepaard met baie beproewings. Tog kan gelowiges steeds uitroep: Ons loof God te midde van beproewings!

Die heidene het destyds die "nuwe" Christene aan wie Petrus geskryf het, gespot, sleg behandel, probeer verneder en selfs vervolg. Van hulle het begin moedeloos word. Hulle het begin wankel. Hulle het begin dink: Het ons nie 'n fout gemaak nie? Is dit die moeite werd om al hierdie dinge ter wille van die geloof deur te gaan? Maar... hoe begin Petrus dan sy brief aan hulle? Bejammer hy hulle? Werk hy saggies met hulle? Nee! Hy begin nie by hulle en hul moeilike omstandighede nie. Hy begin by God. Hy loof God vir sy verlossingswerk in Jesus Christus (1:3).

Wat doen Petrus? Hy roep die gelowiges op: Sien julle voorregte raak! Julle het soveel geestelike seëninge ontvang. Hoe kan julle anders as om God daarvoor te loof? Ja... kyk verby die aardse omstandighede en sien God raak! Sien raak wat Hy doen. Hy het julle verkies. Hy het julle sonder verdienste - enkel en alleen uit genade - laat deel kry aan die ewige saligheid. Loof Hom daarvoor te midde van... ten spyte van ... beproewings!

Sing Skrifberyming 24:1, 3,7

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)